OVERBERG AGRI BEDRYWE (EDMS) BPK SE VERSEKERINGAFDELING AANGEWYS AS SANTAM SE LANDBOU MAKELAAR VAN DIE JAAR IN DIE WES-KAAP

Die Versekeringsafdeling van OVERBERG AGRI BEDRYWE (EDMS) BPK het die afgelope jaar puik presteer deur drie van die vernaamste SANTAM toekennings in die versekeringsbedryf in die Wes-Kaap en Boland streke te verower.

SANTAM, die versekeringsreus van Suid-Afrika, se jaarlikse prestige toekenningsgeleentheid het op 24 April 2013 by die Val de Vie Landgoed in die Paarl plaasgevind. Tydens hierdie spoggeleentheid word daar erkenning gegee aan die prestasies van makelarye in die Wes-Kaap en Boland Areas wat onder ‘n aantal dienskantore in die Wes-Kaap en Boland areas resorteer. Die beoordeling vind plaas op grond van die groei en winsgewendheid van die vorige jaar.

Overberg Agri Versekering, met takke op Bredasdorp, Caledon en in die Paarl, het puik presteer deur die twee belangrikste toekennings te verwerf, naamlik die **Diamant toekenning vir die Algehele Streekswenner in die Boland**, asook die toekenning vir die **Wes-Kaap Landbou Makelary van die jaar.** In die Hermanus streek was Overberg Agri ook die wenner met ‘n Goue toekenning.

Dieselfde prestasies is ook twee jaar gelede behaal. Dit is beslis prestasies om op trots te wees.

Overberg Agri se versekeringsafdeling diens hoofsaaklik die Landbousektor, Privaat Individue, Besighede en Kommersiële instansies.

Die produkreeks wat die afdeling bemark, bestaan hoofsaaklik uit korttermynversekering, oesversekering, mediese fondse en voorsorgfondse vir werknemers in die landbou.

Overberg Agri beskik oor goedopgeleide en toegewyde versekeringspersoneel wat ten volle geakkrediteer is in terme van die FAIS wetgewing.

Voorkeur dienslewering aan polishouers geniet die hoogste prioriteit. Vir enige versekeringsbehoeftes, skakel gerus met enige van die bemarkingspersoneel by die verskillende versekeringskantore.

Bredasdorp – 028 424 41120 Caledon – 028 214 3800 Paarl – 021 872 1455

Abri Dickason
☎082 388 0036

Arthur Janson
☎072 786 6423

CM Augustyn
☎072 580 7403

Albert Myburgh
☎082 567 7841

Thomas Hickman
☎082 456 1822

Versekeringspersoneel van Overberg Agri en Moorreesburgse Koringboere (Deel van Overberg Agri) tydens die Santam Toekenningsgeleentheid

Van links af: Albert Myburgh (Overberg Agri), Yvonne Tolmay (MKB), Harriet Carstens (MKB), Abri Dickason (Overberg Agri), Bertus Kloppers (Santam), Arthur Janson (Overberg Agri), CM Augustyn (Overberg Agri)